

Underdog

Mordegai en Ester

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 4 Oktober 2026

Vir vier weke is dit storietyd hier in Eden Gemeente. Stories oor *underdogs*. En ek is jammer, maar ek kon in Afrikaans net nie 'n woord kry wat beter werk as *underdogs* nie. Maar net om jou gerus te stel: in my notas kan ek jou verseker is *underdogs* én *top dogs* elke keer kursief geskryf. Vier weke van *Agterstand- en Voorsprongstories*.

En vandag se storie gaan oor Mordegai en Ester.

Dis 'n storie oor ...

'n Wêreldryk

As jy in Noord-Korea die bevele van Kim Jong-un teëgaan kan jou lewe in gevaar kom. Daar is baie ander lande waar politieke teenstand streng onderdruk word. Mense word gevange geneem, verdwyn of selfs in die openbaar tereggestel. Dis hoe dit is in 'n diktatorskap.

Die Persiese Ryk in die Bybel was 'n diktatorskap, 'n wêreldmag wat in vandag se wêreld oor soveel as 25 lande sou strek, die grootste en magtigste ryk wat die wêreld tot op daardie tydstip geken het.

In hierdie wêreldryk, word Ahasveros die nuwe koning in 483/482 v.C. en ons verhaal speel af in hierdie ryk.

In die jaar 479 v.C., Ahasveros se derde regeringsjaar, roep hy al die hoë amptenare uit die 127 provinsies bymekaar. Vir ses maande lank is daar 'n feestyd waartydens die koning met al die rykdom in sy koninkryk wou spog. En dit eindig met 'n weeklange onthaal in die paleistuin. Nie sommer net 'n partytjie nie ... Gaan lees maar self van die wit en bloedrooi linnedoeke wat met pers linnetooue en silwerringe aan marmerpilare gehang is, van die silwer- en goue rusbanke op plaveisel van vier soorte kosbare klip, van die koninklike wyn in goue bekere van verskillende ontwerpe ...

'n Storie oor 'n baie groot en ryk wêreldryk, en ook 'n storie oor ...

'n Nuwe Koningin

Die koning se vrou, Koningin Vasti, het in die paleis vir die vrouens hulle eie partytjie gehou. Sy was 'n baie mooi voru. Op die sewende dag van die mans se partytjie in die tuin, toe die koning baie vrolik was van die wyn, roep hy sewe paleisbeamptes en beveel hulle om Koningin Vasti te gaan haal by die vrouens se partytjie in die paleis. Sy moet kom, met haar kroon op, sodat hy vir al die hoë amptenare, kon wys hoe mooi sy is. Maar Koningin Vasti weier om te kom. Ahasveros is woedend. Hy raadpleeg sy raadgewers. Hulle raad:

Ester 1:16-22

“Koningin Vasti het nie net teen die koning verkeerd opgetree nie, maar ook teen al die hoë amptenare en al die mense in al die provinsies van die koning. Haar optrede sal bekend word by al die vrouens en sal daartoe lei dat hulle geen ontsag meer vir hulle mans het nie [...] Dit sal die mans woedend maak.[...] vaardig ’n koninklike bevel uit [...] dat Vasti [...] as koningin vervang [moet word] met iemand wat haar beter sal gedra as sy. [Dan] sal elke vrou haar man, belangrik of onbelangrik, met eerbied behandel.” [...] briewe [is] gestuur na al die provinsies, na elke provinsie in sy eie skrif en na elke volk in sy eie taal. Hierin het gestaan dat elke man baas moet wees in sy eie huis [...]

En as ek nou sou opmerk dat die groot wysheid in die boek is dat elke man baas moet wees in sy eie huis, dan sal ek dalk nooit weer die baas in my eie huis wees nie!

In Hoofstuk 2 kry die verhaal ’n effense Hollywood wending. Luister na die raad van die koning se amptenare:

Ester 2:2

2 Toe sê die amptenare wat in die koning se persoonlike diens was: “Die koning moet vir hom mooi meisies laat soek [...] 4 en die meisie van wie die koning die meeste hou, moet in die plek van Vasti koningin word.”

En so kom ons dan by Ester, ’n weeskind wat na haar ouers se dood deur haar veel ouer neef, Mordegai, aangeneem is en as sy eie dogter grootgemaak is.

Vers 7 sê ...

Ester 2:7

Dié meisie was mooi, sy was baie mooi.

Om ’n lang storie kort te maak, Ester word die nuwe koningin. Maar sy en Mordegai is Jode. Die Jode was weggevoer uit Israel en was verspreid deur die ryk. Die koningshuis weet nie dat Ester ’n Jodin is nie, en hulle weet ook nie dat Mordegai haar neef en voog is nie.

En nou word die verhaal ’n storie oor ...

’n Underdog en ’n Top Dog

Mordegai, sê vers 21, het by die koning se poort gesit. Dit word dikwels verstaan as ’n aanduiding dat hy ’n amptenaar van die koninklike hof was, want die poort was ook ’n plek waar amptelike sake hanteer is. Op ’n dag beplan twee ander ontevrede amptenare om koning Ahasveros te vermoor. Mordegai hoor hoe hulle praat oor die komplot. En jy kan verstaan, hy is hoogs ontsteld—wat sal van Ester, sy niggie wat hy as sy eie dogter grootgemaak het, word? As die koning vermoor word is dit verby met haar. Hy laat Ester weet. Sy vertel die koning van die moordplan en ook dat die amptenaar Mordegai die boodskap gebring het. Die koning doen ondersoek. Die twee word tereggestel.

Maar die koning vergeet van Mordegai. Geen verering, geen bevordering nie. Soms is die lewe so. Jy doen reg, maar reg word nie aan jou gedoen nie. Jy is maar die *underdog*.

Dan lees ons van Haman, ’n amptenaar van die koning wat bo al die amptenare in die 127 provinsies uitstyg. Hy word bevorder om, naas die koning self, die hoogste gesag in hierdie magtige wêreldryk te hê. Wat Haman sê, gebeur. Die *top dog*. Ander amptenare moes voor hom buig. Wanneer Haman deur die paleis of op straat beweeg, bewe mense. Hy is die koning se vertroueling. Hy kry die koning se seëlring. Met dié ring kan ’n bevel deur die hele ryk gaan. Jy wil nie aan Haman se verkeerde kant wees nie. Almal buig ...

Behalwe Mordegai. Wanneer die koning se dienaars voor Haman buig, bly Mordegai staan. Dit herinner aan hoe Daniël se drie vriende geweier het om voor die beeld van Nebukandnésar te buig.

Mordegai, die *underdog* buig nie. Net soos ons lees van die apostels toe die Hoëpriester en die Joodse raad hulle belet het om van Jesus te vertel. Hulle reaksie ...

Handelinge 5:29

Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense.

Haman is woedend dat Mordegai nie voor hom buig nie. En wanneer hy hoor Mordegai is 'n Jood, gaan sien hy die koning met 'n donker versoek. Hy kry die koning se toestemming. Die koning plaas sy seël op die amptelike briewe ...

Ester 3:13

En briewe is gestuur met die hardlopers na al die provinsies van die koning om al die Jode te verdelg, dood te maak en uit te roei, die seun sowel as die grysaard, die kindertjies en die vroue, op een dag, op die dertiende van die twaalfde maand

Hier is 'n *top dog* en 'n *underdog*. Enigiemand wat in hierdie stadium van die verloop van die verhaal voor 'n keuse sou staan wie hy sou wou wees, Haman, die *top dog*, of Mordegai, of enige ander Jood, die *underdogs*, sou eerder die *top dog* in die verhaal wou wees. So kyk ons almal na die lewe as ons vergeet wat Jesus gesê het:

Markus 10:31

Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.

Daarom, kom ons stop eers die verhaal. Reg hier waar dit lyk of Haman die *top dog* is en Mordegai die *underdog*.

Dit is goed om dikwels perspektief-inspuitings te kry. Oor en oor herinner die Skrif ons om nie voortydig te sê wie die beste af is, en wie die slegste af is nie. Om ons te help om God se perspektief te kry, neem die Bybel ons aandag en fokus altyd...

Weg van net die onmidellike na ook die uiteindelijke.

Weg van net die hier na ook die daar.

Weg van net hierdie dag na ook daardie dag.

Kom ons laat 'n paar sulke perspektiefverse weer by ons insink:

Deuteronomium 32:18, 29

18Jy het jou Rots, jou Skepper, nie in ag geneem nie, die God wat jou in die wêreld gebring het, vergeet. [...] 29As hulle wysheid gehad het, sou hulle dit verstaan het, sou hulle begryp het wat hulle uiteinde sal wees.

Psalm 37:35-38

35Ek het die goddelose gesien, 'n geweldenaar, terwyl hy hom uitbrei soos 'n groen inlandse boom.

36Toe gaan iemand verby, en kyk, hy was daar nie; en ek het hom gesoek, maar hy was nie te vinde nie.

37Let op die vrome en kyk na die opregte, want daar is 'n toekoms vir die man van vrede.

38Maar die oortreders word tesame verdelg; die toekoms van die goddelose word afgesny.

Psalm 73:17-20

17totdat ek in die heiligdom van God ingegaan en besef het wat die uiteinde van die goddeloses is.

18U laat hulle op gladde plekke loop, U laat hulle ondergaan deur hulle eie geknoei.

19In 'n oogwink word hulle iets afgrysliks, gaan hulle te gronde, tref 'n verskriklike einde hulle.
20Net soos 'n droom wat ophou as 'n mens wakker word, so verdwyn hulle, Here, as U ingryp.

Spreuke 23:17–18, 24:19–20

17Moenie dat jou hart die sondaars beny nie; leef voortdurend met eerbied vir die Here.

18Daar is 'n toekoms om na uit te sien; jou hoop sal nie afgesny word nie.

19Moenie jou ontstel oor kwaaddoeners nie en moenie jaloers wees op goddeloses nie.

20Die kwaaddoener het immers geen toekoms nie; die lamp van die goddelose gaan dood.

Romeine 8:18

Ek is daarvan oortuig dat die lyding van hierdie huidige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat God aan ons gaan openbaar nie.

2 Korintiërs 4:17–18

17Die swaarkry wat ons nou ervaar, is lig en gaan verby; dit bring vir ons 'n heerlijkheid wat alles oortref en vir ewig duur.

18Daarom vestig ons nie ons aandag op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare. Die sigbare is tydelik; die onsigbare is ewig.

Terug na ons storie ...

Daar is chaos. Die *underdogs* beleef angsk en paniek. Die *top dog* is op die kruin. Die datum is vasgestel, en dit was absoluut ongehoord vir 'n koning om sy bevel terug te trek. Daar is geen hofsaal waar die *underdogs* kan appelleer nie. Hulle kan maar net wag, met die wete dat 'n datum op die kalender die dood van elke Jood gaan beteken.

'n Storie oor 'n *underdog* en 'n *top dog*. Maar ook ...

'n Storie oor 'n ongenoemde naam, geskeurde klere en 'n kruispad

'n Ongenoemde naam ... Die Hebreeuse verhaal soos dit bewaar is (ook soos dit in ons Bybels vertaal is) word God nêrens vermeld nie. Dit is hoe die lewe soms is. Jy sien God se betrokkenheid nie. Maar in die Katolieke en Ortodokse Bybels is dit anders. Daar lees jy hoe Ester en Mordegai tot die God van Israel bid. Hoekom so? Die rede is dat hulle nie die oorspronklike Hebreeuse weergawe van die verhaal gebruik nie, maar die latere Griekse weergawe.

Agtergrond: Die geskiedenis van Ester speel af in die Persiese Ryk in die vyfde eeu v.C. Maar honderd en dertig jaar ná die tyd van ons verhaal het Alexander die Grote die Persiese Ryk verower en 'n nuwe wêreldryk gevestig waarin Grieks die gemeenskaplike taal geword het. Baie Jode buite Judea begin Grieks praat en lees. En so word die boek Ester tussen ongeveer 369 en 435 jaar ná die tyd waarin die oorspronklike verhaal afgespeel het, in Grieks vertaal.

Dit was in die twee eeue waartydens die Joodse volk herhaaldelik politieke en godsdienstige bedreigings beleef het. Die tempel is ontheilig, die volk is onderdruk. In dié tyd vertaal die onderdrukte Jode die boek Ester. En besluit om dit nie net te vertaal nie, maar ook uit te brei om gebede van Ester en Mordegai tot die God van Israel te bevat. Dus, êrens in hierdie twee eeue van swaarkry besluit iemand om die stilte van God in die oorspronklike verhaal te verander.

Maar in die oorspronklike verhaal word God hoegenaamd nie eens vermeld nie. 'n Verhaal oor 'n ongenoemde naam. Soos ons dit dikwels ervaar wanneer die lewe skeefloop. Wanneer jy nie woorde het nie.

Maar tog, ons wat die boek Ester lees, sien iets: dat die God wat nie genoem word nie, nie

ophou bestaan wanneer Hy nie genoem word nie. En nie ophou werk nie.

Selfs wanneer jy nie woorde het om die volle diepte van die nood in jou hart te kan verwoord nie, hoor God. En sien God. As God nie vermeld word in 'n storie nie, beteken dit nie dat Hy nie in die storie is nie.

Hoe aangrypend praat die skrywers van die Psalms nie dikwels oor hierdie stilte van God—soos in die boek Ester nie ...

Psalm 74:9-12

9 Ons sien nie ons tekens nie; daar is geen profeet meer nie, en by ons is daar niemand wat weet hoe lank nie.

10 Hoe lank, o God, sal die teëstander smaad aandoen, sal die vyand u Naam vir altyd verag?

11 Waarom trek U u hand, ja, u regterhand, terug? Trek dit uit u boesem! Vernietig!

Maar kyk wat is die volgende vers van dieselfde skrywer:

12 **Nogtans ...** is God my Koning van die voortyd af, wat verlossinge werk op die aarde.

En ook Paulus...

Romeine 8:26

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.

Die verhaal van Ester vermeld geen gebede nie, maar jy sien hierdie soort woordelose gebed waarvan Paulus praat ...

Ester 4:1

Toe Mordegai hoor wat gebeur het, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek en as op sy kop gegooi. Hy het deur die stad geloop en hard en bitterlik gekerm (*cried with a loud and bitter cry* — Amp).

Geskeurde klere ... nie woorde nie, maar 'n hartsuitroep, *a loud and bitter cry*, versugtinge wat nie in woorde gesê kan word nie.

En 'n kruispad.

Gaan lees die verhaal hoe Mordegai vir Ester laat weet sy moet by die koning gaan pleit. Sy sal haar lewe moet waag. Want as jy ongenooi in die koning se koninklike vertrek ingaan, kan die koning jou onmiddellik laat doodmaak, of sy septer na jou uitstrek en jou lewe spaar.

Ester is by 'n kruispad.

Mordegai se uitdaging aan Ester is:

Ester 4:14

Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!

En miskien moet jy vandag hoor wat Mordegai sê: Wie weet ... Wie weet wat die Here nog in en deur jou wil doen.

Ester se woorde by haar kruispad is aangrypend:

Ester 4:16

Ek sal na die koning gaan, al is dit teen die wet. As ek omkom, kom ek om.

Soms is ons by so 'n kruispad. Om te waag. Om te gehoorsaam. Ongeag die prys.

Ester waag dit. Die koning is haar genadig en vra wat sy van hom wil hê.

En hier word die verhaal ...

'n Storie oor hoë plekke en lae plekke

Sy vra die koning om saam met Haman by haar te kom eet. By die ete vra die koning weer wat haar versoek is. Sy versoek dat die koning weer die volgende dag saam met Haman by haar kom eet, dan sal sy haar eintlike versoek uitspreek. Na die ete, op pad na sy huis, loop Haman, baie ingenome, hy is op 'n hoë plek, die *top dog*, verby Mordegai, die *underdog*, op 'n lae plek. Moerdegai is bekommerd. Beangs. Mordegaie met sy geskeurde klere.

'n Mens sou hom vergewe as hy hierdie keer opgestaan het, en met trane voor Haman gebuig het, gesmeek het. Maar daar is vir Mordegai iets wat belangriker as die lewe self. En dit het te doen met voor wie hy buig of nie. Hy weier om van die laagste plek van sy lewe af op te staan en te buig voor Haman wat op die hoogste plek van sy lewe is.

Haman kom by sy huis en nooi sy vriende oor. Hy vertel vir hulle en vir sy vrou hoe die koning hom vereer, en hoe hoog sy posisie is, niemand buiten die koning is hoër as hy nie, en hy spog selfs oor hoeveel seuns hy het. Soos hulle in Engels sê: *I'm the man* ... Hy vertel hoe hy met die koning en die koningin geëet het en weer vir die volgende dag genooi is. *Top dog* ...

Haman sit op sy hoë plek met groot bewondering vir vir homself. Het hy maar gelees ...

Spreuke 16:18

Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val.

En het hy maar geglo wat Jesus oor 'n paar eeue sou kom sê

Lukas 14:11

[...] elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word.

In die gespoggery vertel hy hoe gegrief hy is oor Mordegai wat hom nie ag nie. Sy vrou en vriende se 'mooi' en 'simpatieke' raad ...

Ester 5:14

Toe sê sy vrou Seres en al sy vriende: "Laat 'n galg van drie en twintig meter hoog bou en beveel môre by die koning aan dat hulle vir Mordegai daaraan moet ophang. Dan kan jy saam met die koning na die maaltyd toe gaan sonder dat iets jou hinder."

Die galg word onmidellik gebou. Haman gaan paleis toe om die koning se goedkeuring te kry. Die *top dog* op 'n hoë plek. Mordegai slaap niks. Die *Underdog* op 'n lae plek. Met geskeurde klere. Môre word hy gehang.

Mordegai beleef die soort nood waarvan Paulus ook skryf ... Kyk wat sê Paulus in ...

2 Korintiërs 4:8-9

Op elke manier word ons onder druk geplaas ... ons is verward ... ons word vervolg ... platgeslaan ...

As jy so voel, laat ek vir jou lees wat Paulus eintlik sê, want ek het nie die volle verse geles nie ...

2 Korintiërs 4:8-9

Op elke manier word ons onder druk geplaas, maar ons is nie verpletter nie; ons is verward, maar nie wanhopig nie; ons word vervolg, maar nie in die steek gelaat nie; platgeslaan, maar nie vernietig nie.

As ek kon, sou ek vir Mordegai daardie nag, en vir elkeen wat soos hy op die laagste plek is, die lig van ewige woorde wou gee, soos Paulus s'n en ook soos Miga s'n ...

Miga 7:7-8

[...] ek sal vir die HERE op die uitkyk wees, ek sal bly wag op die God wat my verlos. My God sal my hoor. Moet jou nie oor my verlustig nie, my vyand. Al het ek geval, ek staan weer op; al sit ek in die donker, die HERE is vir my 'n lig."

Moet jou nie oor my verlustig nie, my vyand. Al het ek geval, ek staan weer op; al sit ek in die donker, die HERE is vir my 'n lig."

'n Storie oor hoë plekke en lae plekke, en laastens ...

'n Storie oor iemand wat nie kan slaap nie ...

Die galg word gebou. Haman gaan paleis toe. Dalk kan hy nog daardie selfde nag die koning se toestemming te kry dat Mordegai die volgende dag gehang kan word.

En *toevallig* kan koning Ahasveros juis daardie nag nie slaap nie. Hy het reeds vroeër van sy amptenare laat roep om die koninklike annale vir hom te lees. Hulle lees van hoe Mordegai die moordkomplot verhoed het. Die koning vra of Mordegai beloon is. Nee, sê die amptenare. Juis op daardie oomblik loop iemand in die voorhof.

"Wie loop daar?" vra die koning

"Haman," sê sy amptenare.

"Laat hom inkom," sê die koning.

Die koning vra vir Haman wat die beste manier is waarop 'n koning iemand kan vereer. Haman se gedagtes is nog vol van sy eie vernaamheid. Hy dink die koning wil hóm vereer. Sy aanbeveling: Laat een van u vernaamste vorste 'n koninklike kleed om hom hang, 'n kroon op sy kop sit, hom op een van die koning se perde laat ry, voor hom uitroep dat die koning self hierdie man vereer. Haman, jy moet dit doen.

O, wat 'n nag—toe die koning nie kon slaap nie ... En as jy ooit is waar Mordegai was, hoor dit, daar is 'n koning wat nie slaap nie ...

Psalm 121:3-4

[...] jou Bewaarder kan nie sluimer nie. Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.

Kan jy onthou wat die Here uit die brandende bos vir Moses gesê het?

Eksodus 3:7

En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte.

Jou God sien. En Hy slaap nie.

'n Storie oor iemand wat nie kan slaap nie, en laastens ...

'n Storie oor die groot omkeer

Jy ken die verhaal. Haman trek vir Mordegai 'n koningskleed aan, kroon hom, begelei hom deur die strate. Die aand kom die ete.

By die ete vra Ester vir die koning wat gedoen moet word aan 'n man wat haar hele volk sou wou vernietig. So 'n man moet sterf, sê die koning. En Ester onthul sy is 'n Jodin, en Haman wil haar en haar mense uitwis.

Die koning is woedend dat Haman sy vrou wil vermoor, haar mense wil uitwis. Die koning storm uit die vertrek. Haman val aan Ester se voete neer, net toe die koning terug kom in die vertrek. Jy rand my vrou aan! Maak hom dood!

Een van die koning se knegte sê vir die koning van die galg van 23 meter hoog wat Haman laat bou het.

Die groot ommekeer ...

Haman word gehang aan die galg. *Underdog*.

En Mordegai neem sy plek in as die koning se hoogste amptenaar. *Top Dog*.

Mag jy vandag moed skep. Mag jou hoop opvlam. Daar kom 'n dag dat God alle dinge sal omkeer. Die wat laaste is sal eerste wees. Die wat laag is sal hoog wees. En die wat gesterf het in Christus, sal leef.

En so gebruik ons vandag die nagmaal. Ons dink aan die groot omkeer. Nie van die wrede Haman wat gesterf het in die plek van die regverdige Mordegai nie. Maar van ons regverdige Meester, wat aan 'n kruis gesterf het vir ons, wat die oordeel verdien het.

Mag jy vashou aan hierdie Heer wat die groot omkeer, die ewige omkeer vir jou bewerkstellig het.